

# Ina kook voorspoed los

**Haar konfyt-en-inlegonderneming is uit nood gebore, maar vandag is dit 'n suksesverhaal waarby sy reeds al vyf haar kinders betrek het. Ons kuier vandeesweek by dié top-entrepreneur, 'n finalis in vanjaar se kompetisie.**

Wanneer 'n mens Ina Lessing van die plaas Lusthof buite Modimolle (Nylstroom), se konfyt en inmaakonderneming van nader beskou, kom die sakemagnaat, dr. Anton Rupert, se definisie vir entrepreneurskap onwillekeurig by jou op. Daardie dringendheid en aandag aan die fynste besonderhede wat hy as noodsaaklike vereistes in enige entrepreneur se mondering beskou het, is in elke handeling van die vrou verweef.

Ina se droom is dat haar konfyt-en-inlegprodukte wat aan hul goue etikette uitgeken word, eendag 'n volwaardige familiebedryf sal wees.

Dit is dan juis ook om die behoud van haar gesin, wat twee dekades gelede geldelik kwaai noustrop getrek het, dat haar onderneming sy beslag gekry het.

## TREK NOUSTROP

"Toe die kinders amper almal op hoërskool was, het die plaas nie regtig 'n inkomste gehad nie – die volstruisbedryf was dood. Ons het erg noustrop getrek. Ons oudste dogter moes ná matriek vir drie jaar in die buiteland gaan werk om vir haar universiteitstudies te help spaar en ek het besef ek moes uitspring en help," sê Ina.

"Ek het geen geld gehad nie, maar moes vrugte, suiker en bottels koop en vir arbeid betaal."

Haar eerste kooksel – stamvrugkonfyt – is soos die naam aandui 'n vruggie wat aan die stam van die *Englerophytum magalismontanum*-boom groei en by hulle in die berge voorkom. Die vrugte is eetbaar en redelik soet, maar smaak vrank. Die vrugte het 'n hoë vitamien C-inhoud.

Haar vyf kinders moes help om dié 200 botteltjies konfyt ná skool by plaaslike ondernemings te smous.

Stelselmatig het Ina se produkte gegroei – kweperkonfyt en -jellie, ingemaakte kwepers, halwe lemoen-konfyt, marmelade en arbeikonfyt het gevolg. Vandag maak sy amper twintig verskillende soorte konfyte, blatjang en ingelegde produkte. Waar sy met die hulp van 'n enkele werker begin het, is daar vandag 12 heeltydse en agt deeltydse werkers in diens.

**Ina en haar span trek jaarliks vir ses weke lank na Bonnievale om sagtevrugte-konfyt te kook.**

Benewens baie harde werk, is haar onderneming se sukses ook aan slim strategieë en besluitneming te danke. Só het sy in Februarie 2004 besluit om met haar span werkers en ál hul toerusting na Bonnievale in die Wes-Kaap te reis waar hulle nou jaarliks vir ses weke lank sagtevrugte-konfyt kook. Dié reuse-inisiatief behels, benewens die vervoer van 60 gasstowe, 60 kastrolle en al die ander kooktoerusting, sowel as die afbreek en heropbou van 'n donkie wat vir duisend liter kookwater op 'n slag sorg, ook die bestelling van 48 000 glasbotteltjies, 50 x 48 kg gas en 15 ton suiker. 'n Vervoerkontrakteur word ook gereël om die eerste vrag van 24 000 bottels ná drie weke se werk huis toe te bring en drie weke later 'n tweede vrag van dieselfde hoeveelheid te kom laai.

Intussen moet Ina ook geskikte datums met die boere bevestig by wie sy haar appelkose, perskes en vye aankoop. Ongeveer 25 ton vrugte word in dié ses weke verwerk.

## UITMERGELENDE WERK

"En dan is daar natuurlik die uitmergelende werk om op die warmste maande van die jaar – wanneer die meeste vrugte ryp is – dag in en dag uit voor die warm stowe te swoeg."

Ná 17 jaar en groot sukses onder die goue etiket, het Ina onlangs nuwe etikette laat druk waarop haar naam en van bo-aan die etiket verskyn. Haar droom van 'n volwaardige familiebesigheid wat die hele familie betrek, is ook besig om vinnig waar te word.

Haar oudste dogter, Ané, 'n onderwyseres, het sedert Oktober 2012 heeltyds by die onderneming betrokke geraak. Sy behartig die bemarking en verspreiding van die konfyt van Pretoria af. Haar man, Danie, ondersteun haar in dié taak. Hy help ook met die instandhouding van die rekenaarprogramme. Ina se seun, Natan, en sy vrou Neriché, het intussen ook die onderwys vaarwel toegeroep en begin amptelik in Julie aan die produksiekant van die konfytfabriek werk. Nóg 'n dogter, Jana, 'n rekenmeester, doen die onderneming se boeke, terwyl Daleen, 'n ander dogter en haar man, Gideon, albei ouditeure, ook hand bysit wanneer hulle op die plaas is. Ina se jongste spruit, Nicolet, 'n aspirant-ouditeur, behartig die bestellings van die huis af terwyl haar ouers vir die jaarlikse konfytmakery in die Wes-Kaap is.

Intussen het dié merkwaardige vrou se onderneming ondanks die huidige wisselvallige ekonomiese toestande vertienvoudig. Boonop besorg die vele komplimente wat sy deurlopend van tevrede kliënte ontvang, vir haar wind onder haar vlerke.

"Al die briewe, e-posse en telefoonoproepe maak 'n mens se hart warm. En laaste, maar nie die minste nie, die groot voorreg om 'n finalis in *Landbouweekblad* en Sanlam se Landbouvroue-entrepreneurskompetisie te wees.

"Om my mooi, gebottelde produkte elke dag op verskeie winkelrakke te sien maak my baie trots. Natuurlik ook die feit dat my onderneming gehelp het om ons vyf kinders te laat studeer en grade te laat ontvang. Ons ervaar die Here se seën elke dag in ons fabriek."

NAVRAE: Ina Lessing, sel: **072 236 2328.**, E-pos: **admin@inalessing.co.za.** Webwerf: **www.inalessing.co.za.**

2013 Landbouvroue ENTREPRENEUR
Landbou Sanlam